Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 1, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# VEELVOLKIGE GEWAPENDE MAGTE: PROBLEME EN OPLOSSINGS

Lt A. Shaw

**In multi-ethnic military forces, problems can be expected to be related to questions of language, attitudes and values, the extent of inter-ethnic mixing and discrimination. It has also emerged that there are no standard solutions to these problems, but that any remedies must be based on accurate knowledge of ethnic differences, and should normally include programmes of education to promote understanding of these differences.**

Volgens raming is slegs ongeveer 10% van die moderne state van die wêreld etnies homogeen en dit is daarom nie verbasend dat 'n groot aantal militêre magte, saamgestel is uit meer as een etniese groep nie. Wanneer 'n mens die beskikbare informasie wat betref hierdie magte ondersoek, is dit merkwaardig dat hulle neig om dieselfde tipe van probleme te hê, afgesien van wat hulle werklike etniese samestelling is.

Hierdie wederkerende probleme en die metodes wat aangewend word om hulle die hoof te bied is die onderwerp van hierdie studie.

Voordat hierdie onderwerp behandel kan word moet die konsep van *etniese groepe* gedefinieer word. Hoewel hierdie konsep 'n baie kontroversiële aangeleentheid is by akademici,[2] sal die definisie van Prof Nathan Glazer aangeneem word vir die doel van hierdie artikel. Hy beskryf 'n etniese groep as 'n sosiale groep wat bewustelik sommige aspekte van 'n gemeenskaplike kultuur deel en wat bepaal word hoofsaaklik op grond van afkoms.[3] Afhangende van omstandighede mag die groep waarna verwys word deur middel van die term *etniese groep*, ooreenkom met die lede van 'n ras, stam, of selfs nasionaliteit.

Dit moet beklemtoon word dat sommige etniese groepe onderverdeel kan word in kleiner etniese groepe.[4] Byvoorbeeld, Blanke Suid-Afrikaners verteenwoordig 'n etniese groep, maar hierdie groep kan onderverdeel word in kleiner dele volgens die taal wat gepraat word — Engels, Afrikaans, Portugees en so aan. Elk van hierdie sub-groepe mag ook beskou word as verteenwoordigend van 'n etniese groep. Verhoudinge tussen etniese groepe sal varieer na gelang van die mate waarin hulle godsdienstige oortuigings, taal en gebruike ooreenkom.

## Taal

Verskillende etniese groepe praat nie noodwendig verskillende tale nie. Verskille in moedertaal word dikwels geassosieer met etniese verskille en hierdie feit kan lei tot probleme in veelvolkige magte aangesien onvoldoende kommunikasie op die vlakke van opleiding, administrasie en operasies duidelik sal lei tot verminderde effektiwiteit.

Die oplossing wat gewoonlik aangebied word vir hierdie probleem is die *keuse van een amptelike taal* (somtyds twee) vir gebruik deur alle lede van die gewapende magte tydens militêre diensverrigting. Die metode om een of selfs twee amptelike tale te gebruik veroorsaak ook probleme, in die sin dat baie militêre personeellede by werwing nie bedrewe mag wees in die gekose taal (tale) nie en dat intensiewe taalkursusse dan noodsaaklik word. So byvoorbeeld, is kursusse in Russies kenmerkend van militêre opleiding in Rusland, vir die lede van nie-Russiese nasionaliteit,[5] wat sowat 47% van die bevolking van die land uitmaak.[6] Desnieteenstaande kan sodanige kursusse nie algehele bedrewenheid in 'n amptelike taal waarborg nie en daar is bewys dat kommunikasie probleme van lede van die onderskeie etniese groepe gelei het tot 'n onaanvaarbare verlies in operasionele effektiwiteit in die Sowjet Vloot.[7]

Taal is egter nie slegs 'n middel tot kommunikasie nie, dit is ook 'n simbool van nasionale en etniese trou. Probleme sal dus, waarskynlik voortspruit uit die keuse van 'n amptelike taal vir 'n veelvolkige militêre mag.

Hierdie potensieel problematiese area kan vermy word deur 'n taal te kies wat nie eksklusief is aan enige van die betrokke etniese groepe nie. So 'n uitweg is bv gekies in Indië en Ghana, waar Engels, die taal van die koloniale mag, Brittanje, aangewys is as die amptelike militêre taal na onafhanklikheid.[8] Die Israelis met hulle groot immigrante bevolking het hierdie probleem selfs in 'n voordeel omskep deur Hebreeus die taal van die Israeli Weermag te maak en deur

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 1, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

kursusse aan te bied om dit aan die immigrante te leer tydens hulle nasionale diensplig.[9] Op hierdie wyse word militêre opleiding aangewend as 'n middel om Israeli nasionale bewussyn aan te wakker.

In sommige lande egter, kan die probleem nie so oorbrug word nie en is die aanvaarding van die taal van een van die etniese groepe vir militêre gebruik, onafwendbaar. In hierdie omstandighede is dit gewoonlik die groep wat polities dominant is wat hulle eie taal bevestig as die amptelike militêre taal. Die afdwing van hulle taal op ander groepe, dien as bewys en simbool van hulle oorheersing en sal waarskynlik deur die ander groepe as sulks afgekeur word. Dit blyk die geval te wees in die gewapende magte in die Sowjet Unie, waar per geleentheid 'n aansienlike mate van afkeur geopenbaar is deur lede van verskeie nie-Russiese nasionaliteite wat betref die dominante Russe.[10]

## Houdings en waardes

Verskillende houdings en waardes karakteriseer, sonder uitsondering, verskillende etniese groepe. Hierdie houdings en waardes word by die individu tuisgebring dmv sy opvoeding en vorm die basis — gewoonlik onbevraagteken — van sy uitkyk op die wêreld.[11] In 'n militêre verband waar 'n aantal etniese groepe teenwoordig is, sal houdingsverskille en waardeverskille *ontvanklikheid vir opleiding* beïnvloed sowel as *bekwaamheid in die uitvoering van normale daaglikse militêre pligte*. Indien diegene in bevel in gebreke bly om die waardeverskille van hulle ondergeskiktes te evalueer, sal dit waarskynlik lei tot verminderde effektiwiteit wat betref werwing, opleiding en normale militêre dienslewering.

Programme vir die werwing van vrywilligers kan ernstig benadeel word deur in gebreke te bly om die potensiële rekruut se verwysingsraamwerk in aanmerking te neem. In die laat 1950's het die Britse veldtog om Nigeriese rekrute vir diens in die Nigeriese Leër te werf, weinig sukses geniet totdat klem gelê is op salarisse en materiële voordele eerder as op die unieke uitdaging van 'n loopbaan in die leër.[12] Vir die Nigeriërs, in teenstelling met die Britte, was militêre diens net nog 'n werk wat beoordeel moes word volgens dieselde kriteria as 'n burgerlike werk.

Net so kan veel van die opleidingspoging verlore gaan gedurende die opleidingstydperk, indien die kwekeling se waardesisteem nie in aanmerking geneem word nie. As voorbeeld kan genoem word die geval van Uganda, gedurende die koloniale tydperk, toe die Britte aanvanklik weinig sukses behaal het in hulle pogings om die stamme wat die noordelike gedeelte van die gebied geokkupeer het, op te lei vir militêre diens.[13] Die pastorale lewenswyse van hierdie mense het tot gevolg gehad dat individue hulle eie troppe opgepas het en gevolglik weinig ondervinding gehad het van gemeenskaplike samewerking en kollektiewe eer — soos wat vereis word vir militêre diens, hoewel hulle groot waarde geheg het aan individuele eer. Sodra die Britte dit verstaan het, kon hulle die opleiding van hierdie mense aanpas om die konsepte van samewerking en trots in gemeenskaplike pogings te bevorder en ook terselfdertyd hulle positiewe houding tov persoonlike dapperheid aan te moedig. Die noordelike bevolking het as gevolg hiervan bekendheid verwerf as Uganda se mees bekwame soldate en het uiteindelik die grootste deel van die Ugandese Leër uitgemaak.[14]

Sodra die stadia van werwing en opleiding verby is, mag bepaalde houdings inherent aan spesifieke etniese groepe, die vlak van militêre bekwaamheid verlaag, mits stappe gedoen word om dit teë te werk. Gedurende Wêreld Oorlog II was die standaard optrede van swart eenhede in die VSA gewapende magte dikwels opmerklik laer as gemiddeld. Een van die redes hiervoor was die houding wat ingeneem is deur sekere Amerikaanse Swartes, wat nie neergesien het op die onvermoë van lede van hulle groep om hulle dienste na wense te verrig nie, maar dit beskou het as die onvermydelike resultaat van die Swartes se minderbevoorregte posisie in die Amerikaanse samelewing, en 'n natuurlike reaksie op die VSA militêre owerhede se huiwering om hulle in 'n vegtende hoedanigheid aan te wend.[15] Hierdie houding aan die kant van die Swartes het gelei tot 'n skadelike kringloop, waartydens die Amerikaanse Blankes wat reg van die begin af twyfelagtig was omtrent swart vermoëns, se vooroordele versterk is deur die onvermoë van baie Swartes om effektief op te tree. Slegs na die oorlog, toe veranderinge teweeg gebring is om Amerikaanse Swartes in 'n vollediger militêre rol aan te wend, het algemene swart moreel en optrede verbeter.[16]

Dit is dus baie belangrik dat diegene wat met lede van ander etniese groepe werk, kennis sal dra van die wisselende waardes en houdings wat hulle mag openbaar. Hulle behoort ook toegerus

te wees om enige probleem te hanteer wat uit hierdie verskille mag voortspruit. Die vraagstuk van *inter-etniese* persoonlike verhoudinge en die opvoedkundige stappe wat gedoen kan word om dit te verbeter sal volledig bespreek word in die volgende afdeling.

**Mate van integrasie**

In enige militêre mag wat 'n aantal etniese groepe bevat, sal die vraag ontstaan tot watter mate die lede van die onderskeie groepe apart gehou behoort te word. 'n Aantal moontlikhede bestaan tussen die uiterste van totale segregasie en totale integrasie. Daar mag besluit word dat sekere groepe geïntegreer behoort te word, terwyl ander apart sal bly. Eenhede kan of geheel en al gesegregeerd wees, of gesegregeerde sub-seksies bevat, of heeltemal geïntegreerd wees. Daar mag ook verskillende grade van integrasie wees, in die fase van opleiding en normale militêre diens. Verskeie moontlikhede bestaan ook wat betref die graad van geïntegreerdheid van onspanningsfasiliteite en akkommodasie.

Die moontlikheid wat die geskikste is vir 'n spesifieke gewapende mag sal afhang van 'n aantal faktore — tewete die numeriese verhouding tussen die etniese groepe, en die politiese en sosiale verhoudinge tussen hulle in die gemeenskap as 'n geheel. In die afgelope drie dekades was daar 'n sterk wêreldwye neiging in die rigting van ten volle geïntegreerde eenhede, en op die oomblik behou relatief min Weermagte gesegregeerde eenhede.[17] Om insig te verkry in die oorwegings wat gelei het tot hierdie neiging, gaan ons die sterk- en swak-punte van onderskeidelik gesegregeerde en geïntegreerde eenhede, ondersoek.

**Gesegregeerde eenhede**

'n Vanselfsprekende voordeel van gesegregeerde eenhede is dat die bande wat tussen lede van 'n etniese groep bestaan eksploiteer kan word vir militêre doeleindes en op hierdie wyse word 'n groot mate van *samehorigheid teweeg gebring binne 'n eenheid*. Verder sal die lede van so 'n eenheid waarskynlik die reputasie van die eenheid beskou as gekoppel aan die goeie naam van hulle etniese groep en sal dus nie maklik iets doen wat die eenheid se reputasie in gevaar kan stel nie. So 'n oorweging het ongetwyfeld die voortbestaan van etnies-suiwer eenhede in Indië verseker, bv die Gurka Infanterie Regiment, sy aan sy met gemengde eenhede wat meer onlangs daar gestig is.[18]

Hierbenewens kan leemtes in kommunikasie as gevolg van verskille in taalwaardes vermy word tussen die troepe en diegene in bevel, indien almal aan dieselfde etniese groep behoort. As voorbeeld kan hier genoem word die ondervinding van die Britte met Indiese troepe in Wêreld oorlog II — Britse bevelvoerders het byna eenparig saamgestem dat Indiese offisiere hul eie troepe meer effektief hanteer het as Britse offisiere.[19]

Daar kan egter ernstige nadele verbonde wees aan die handhawing van gesegregeerde eenhede. Die noodsaaklikheid van aparte fasiliteite vir opleiding, akkommodasie en ontspanning kan *onnodige duplikasie en uitgawes* teweeg bring. So 'n beleid kan verder, pogings om personeel so produktief as moontlik aan te wend, ernstig kortwiek. 'n Persoon wat aan 'n spesifieke etniese groep behoort en tot die leër toetree met 'n spesiale aanleg of spesifieke burgerlike opleiding, mag nie toegewys word aan 'n eenheid waar hy sy vermoëns ten volle kan benut nie, eenvoudig omdat die eenheid waarvoor hy geskik is, beman word deur lede van 'n ander etniese groep. As gevolg hiervan het 'n Raad, onder voorsitterskap van genl Gillen, wat moes vasstel hoe swart mannekrag die beste aangewend kon word in die VSA Leër na Wêreld oorlog II, 'n evolusionêre beleid van integrasie aanbeveel nl: 'The principle of economy of forces indicates . . . that every effort must be expended to utilize efficiently every qualified individual in a position in the Military structure for which he is best suited'.[20]

Die struikelblokke wat 'n beleid van gesegregeerde eenhede veroorsaak, wat betref effektiewe benutting van militêre personeel, kom die duidelikste aan die lig in omstandighede waar die toevoer van mannekrag ernstig uitgeput word, deur swaar ongevalle, byvoorbeeld.

In hierdie omstandighede moet 'n beleid van segregasie miskien laat vaar word, ten einde dit vir die militêre mag moontlik te maak om voort te gaan om effektief te funksioneer. Dit was die geval gedurende die Geallieerde offensief in Wes Europa in 1945, waar Amerikaanse Swartes aanvanklik hulle eie pelotonne binne Wit kompanies gevorm het; en toe, soos wat ongevalle hul tol geëis het, Swart afdelings binne Wit pelotonne, en ten slotte op 'n individuele basis, sy aan sy met die Blankes geveg het.[21]

'n Beleid van segregasie het die verdere nadeel dat dit deur etniese minderheidsgroepe gesien

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 1, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

kan word as 'n ontneming van die reg *'om te behoort'* deur die etniese meerderheidsgroep.[22] So 'n gevoel kan vererger word wanneer die eenheid etnies 'suiwer' is, behalwe vir die mees senior poste, wat gevul word deur lede van die dominante etniese groep. Dergelike omstandighede was ongetwyfeld een van die hoofoorsake wat gelei het tot die swak optrede van baie Swart eenhede in die VSA magte gedurende WO II.[23]

Indien 'n beleid van segregasie van etniese groepe dmv eenhede, streng gevolg word, mag daar selfs twyfel ontstaan omtrent die lojaliteit van eenhede saamgestel uit lede van etniese minderheidsgroepe, wat 'n wrok dra jeens die dominante groep. Tydens die Duitse opmars in die Sowjet Unie gedurende WO II het 'n aantal afdelings van die Sowjet Leër wat beman was deur lede van nie-Russiese nasionale groepe, oorgestap na die kant van die Duitsers.[24]

Gevolglik pas die Sowjet Gewapende Magte tans 'n beleid van verspreiding van lede van nie-Russiese nasionaliteit tussen Russe toe, sodat die lede van enige enkele nasionaliteit nooit meer beloop as 50% van 'n eenheid nie.[25] 'n Soortgelyke insident het plaasgevind in Burma in 1949, toe drie eenhede, beman deur 'n etniese minderheidsgroep gemuit het, toe die Burmese algehele beheer oor die Regering verkry het.[26]

## Geïntegreerde eenhede

'n Beleid van geïntegreerde eenhede word vandag gevolg deur die meerderheid lande, insluitende die VSA en die USSR.[27] In 'n groot mate ewenaar die sterkpunte van 'n beleid van integrasie die swakpunte van 'n beleid van segregasie — 'n geïntegreerde militêre mag vermy duur duplikasie van fasiliteite, maak voorsiening vir onbeperkte toewysing van personeel na gelang van behoefte, en verwyder bedenkinge omtrent die lojaliteit van individuele eenhede.

In gemengde eenhede, is die individu die verteenwoordiger van sy etniese groep en hy sal angstig wees dat sy persoonlike optrede nie sy groep se reputasie sal skaad nie. Hier kan 'n mens verwys na die voorbeeld van die Franse Vreemdelinge Legioen, hoewel hulle 'n buitengewone mag is, in baie opsigte. Hulle beleid is reeds sedert die middel van die 19 de eeu om doelbewus mense van verskillende nasionaliteite in dieselfde eenhede te plaas, aangesien gevind is dat lede van die legioen baie meer effektief opgetree het wanneer hulle sy aan sy geveg het met lede van ander nasionaliteite, aangesien nasionale eer op die spel was.[28]

'n Beleid van integrasie het voorts wyer implikasies buite die grense van die gewapende magte self. In die vroeë vyftiger jare het 'n Assistent Sekretaris van Verdediging van die VSA kommentaar gelewer op die effek van hulle integrasie beleid: *'in the long run, I don't think a man can live and fight next to one of another race and share experiences where life is at stake, and not have a strong feeling of understanding when he comes home.'*[29]

'n Beleid van integrasie veronderstel bereidwilligheid om lede van ander etniese groepe as gelykes en vriende te aanvaar, wat weer lei tot *bewussyn van 'n wyer gemeenskap* buite 'n spesifieke etniese groep. So word in lande so uiteenlopend as Maleia en Israel, waar 'n beleid van geïntegreerde eenhede gevolg word, die gewapende magte gesien as faktore wat dien om nasionale eenheid te bevorder.[30]

Een van die swakpunte van geïntegreerde eenhede is reeds behandel — die *risiko van onvermoë* om bevredigende *verbale kommunikasie* te bewerkstellig wanneer verskillende groepe verskillende moedertale besig. 'n Verdere nadeel is die potensiaal vir etniese spanning wanneer mense van verskeie groepe saam leef en werk in noue verband. Insidente wat voortspruit uit hierdie vorm van spanning, is ten volle gedokumenteer wat betref die VSA gewapende magte, sedert Wêreld oorlog II.

Hoewel ernstige insidente voortspruitend uit etniese vermenging, in die militêre sin, relatief skaars was in die VSA oor die afgelope dertig jaar, was daar wel gevalle van oproer, aanrandings en selfs moord in een of twee gevalle.[31] Vir voorbeelde van ernstige insidente, voortspruitend uit etniese spanning in 'n militêre verband buite die VSA, hoef 'n mens slegs te kyk na Nigerië ten tye van die staatsgreep wat gelei het tot genl Gowon se oorname van die bewind in Julie 1966. Gedurende hierdie tydperk het soldate van die noordelike streek, ongeveer 43 offisiere en 170 ander range van die oostelike streek (hoofsaaklik van Ibo oorsprong) vermoor, wat in die noorde gestasioneer was ten tye.[32]

Dit wil voorkom asof drie elemente teenwoordig is, òf apart, òf in kombinasie, in die situasies wat lei tot sulke insidente. Eerstens, mag daar

*persoonlike verskille* wees tussen lede van twee etniese groepe, wat versprei en ondersteuning werf aan beide kante, op etniese gronde. Tweedens mag lede van 'n groep glo dat hulle die *slagoffers is van diskriminasie deur die militêre owerhede*, en verkies om hulle afkeur uit te druk in terme van geweld teen die groep of groepe, wat hulle glo onregverdiglik bevoordeel word. Laastens, kan etniese spanning opgewek word buite die geledere van die militêre mag, deur *heersende omstandighede* in 'n land, en wat dan uitdrukking vind in die uitbreek van geweld binne die gewapende magte sowel as op ander plekke. Die voorbeeld hierbo genoem van geweld gerig op die Oostelike soldate in Nigerië, behoort duidelik tot die laaste van hierdie drie kategorieë.

Tog is die probleem van etniese spanning in geïntegreerde eenhede hoegenaamd nie onoorkombaar nie. Ten eerste, behoort die onpartydige toepassing van militêre kodes, op sigself bevorderlik te wees vir die afname van hierdie tipe van spanning. Gutteridge skryf: 'Soldiers are brought together in a tight community with a clear cut set of rules which tends to smooth out personal and group differences and make human relationships conventional.'[33]

Verder, wanneer eenhede geïntegreerd is, gebeur dit klaarblyklik dikwels dat, na 'n aanvanklike periode van verhoogde etniese spanning, verhoudinge tussen etniese groepe verbeter, en waarskynlik beter sal wees as gedurende die tydperke toe die groepe gesegregeerd was. Uit 'n opname gemaak onder Infanterie pelotonne van die VSA magte in Europa in Wêreld oorlog II, blyk dit dat 77% van die blankes 'n gunstige houding openbaar het tov geïntegreerde pelotonne, nadat hulle eers werklik saam met Amerikaanse Swartes geveg het; die res het verklaar dat hulle opinie nie verander het nie.[34] Op 'n soortgelyke wyse het verhoudinge tussen die verskillende groepe, binne militêre verband, in Indië verbeter nadat die Regering die beleid toegepas het om geïntegreerde eenhede saam met etnies-'suiwer' eenhede aan te wend.

'n Stap wat gedoen kan word om verhoudinge tussen etniese groepe te verbeter, is die instel van *opvoedkundige programme*, betreffende aangeleenthede rakende menslike vehoudinge en aangebied deur opgeleide instrukteurs. Sodanige programme word gebaseer op die beginsel dat etniese spanning in 'n militêre verband die gevolg is van houdings afkomstig uit die gemeenskap buite, en dat, waar hierdie houdings nadelig is, individue opgevoed moet word om te verander.

Programme van hierdie aard is nou ingestel in alle vertakkinge van die VSA Gewapende Magte.[36] In die Marinierskorps, byvoorbeeld, is 'n Instituut vir Menseverhoudinge gestig, om instrukteurs op te lei in die aanbieding van menseverhoudinge seminare by Vloot eenhede.[37] Die oogmerke is, dat elke Marinier, afgesien van rang, 20 uur per jaar onderrig en deelname sal hê in hierdie sessies. Die hoofonderwerpe van hierdie seminare is die kulture van die onderskeie groepe wat betrokke is, die bydrae wat elke groep tot die gemeenskap lewer en die oorsprong en aard van vooroordeel. In 1973 het genl Cushman, die Kommandant van die Marinierskorps, die doel van hulle menslike verhoudinge program soos volg opgesom: 'Each new Marine we get — whether officer or enlisted — brings along, figuratively speaking, his own personal seabag filled with prejudices he has been collecting for eighteen years or more. The single act of putting on a green uniform does not cause him to empty that seabag. But through training we try to instil the desire in him to repack that seabag — discarding the harmful preferences and prejudices — so it does both him and fellow Marines the most good.'[38]

Uit ondervinding in die Gewapende Magte wil dit blyk dat die standpunt wat diegene in bevel inneem, in hulle hantering van etniese spanning, van die uiterste belang is.

Insidente van geweld voortspruitend uit inter-etniese vyandigheid het gewoonlik voorgekom indien die betrokke outoriteite in gebreke gebly het om ferm en konsekwent op te tree in hulle hantering van etniese probleme. Met inagneming hiervan het die VSA Leër en Lugmag 'n 'Bevelvoerders Handboek mbt Gelyke Geleenthede en Menseverhoudinge' gepubliseer om senior offisiere te help in hulle hantering van hierdie probleme.[39]

**Diskriminasie**

Wanneer 'n militêre mag saamgestel word uit 'n aantal verskillende etniese groepe, bestaan die *moontlikheid* altyd dat een of meer van hierdie *groepe minderwaardige behandeling sal ontvang* òf deur 'n opsetlike beleid òf per ongeluk. Daar is verskeie gebiede waar sodanige diskriminasie kan voorkom — die tipe van

opleiding wat aangebied word, stasionering, bevordering, die toewysing van akkommodasie, die voorsiening van ontspanningsgeriewe, die administrasie van militêre reg ens.

Die verwaarlosing van hierdie probleme kan ernstige gevolge hê. In Januarie 1949, het die verteenwoordigers van 18 vooraanstaande Swart organisasies in die VSA 'n resolusie aanvaar dat as gevolg van diskriminasie in die Gewapende Magte en elders, die Amerikaanse Swartes oor die algemeen nie 'heelhartig, onselfsugtig en ten volle die oorlogspoging gesteun het nie.'[40] Meer onlangs, in Mei 1971 het 'n 4 daagse oproer ontstaan by Travis Lug Basis in die VSA, na beweerde diskriminasie in die toepassing van militêre geregtigheid en in die toewysing van pligte, onder andere.[41]

Die probleem van diskriminasie in die militêre verband is, indien moontlik, selfs meer plofbaar as elders in die gemeenskap, aangesien dit waarskynlik direk gemik is op die kern van 'n groep se self-respek. Die idee, dat hulle nie eens in die verdediging van hulle land op 'n gelyke basis met ander kan veg, verwond word of selfs sterf nie, is erg ontstellend.[42] Die Gewapende Magte ondervind dikwels die probleem dat waarneembare diskriminasie sy oorsprong het in die gemeenskap as geheel en dat hulle magteloos is om veranderinge te bewerkstellig in die maatskaplike omstandighede. Ten tye van Nigerië se onafhanklikheid van Brittanje, was 68% van die offisiere afkomstig uit die Oostelike streek, hoewel slegs 25% van Nigerië se bevolking tot hierdie streek behoort het.[43] Hierdie wanbalans was die gevolg van die verloop van omstandighede in die koloniale geskiedenis, aangesien die Britte die Oostelike streek asook opvoedkundige fasiliteite daar, aansienlik verder ontwikkel het as dié van die ander streke.

Die militêre owerhede kan egter heelwat doen om diskriminasie op hulle gebied die hoof te bied, of daar nou 'n beleid van segregasie, of integrasie gevolg word. Vanselfsprekend sal enige regulasie, wat die verkryging van gelyke geleenthede in die wiele ry, verwyder moet word. Ongelukkig egter, leer die ondervinding van die Gewapende Magte in die VSA, dat die verwydering van diskriminerende regulasies alleen, geensins die beëindiging van diskriminasie waarborg nie. Daar mag bevooroordeelde of partydige individue wees wat die regulasies afdwing; ongeskrewe tradisies mag die voortbestaan van vooroordeel verseker; die onbillikheid van die gemeenskap buite mag moeilik wees om te oorwin.

Een van die moontlike stappe wat die militêre owerhede kan doen om hierdie probleme die hoof te bied, is die instel van *kursusse in menseverhoudinge* soos dié van die Mariniers-korps hierbo beskryf. Dit behoort die mate van vooroordeel tussen individue te verminder. 'n Ander moontlikheid is die instel van permanente afdelings binne militêre verband wat alleenlik gemoeid is met die *bevordering van gelyke geleenthede*. Op hierdie wyse is Kantore vir Gelyke Geleenthede in die lewe geroep in verskeie vertakkings van die VSA Gewapende Magte wat deur voltydse personeel beman word, om klagtes van diskriminasie te ondersoek en om te verseker dat geen diskriminasie toegepas word nie.[44]

Die gebruik van *kwotas* is in sommige gevalle as teenvoeter aangewend vir diskriminasie. Kwotas vir etniese groepe kan vasgestel word óf vir werwingsgetalle, vir toewysing aan individuele eenhede of selfs vir die toekenning van rang. In die vroeë 1960's, is laasgenoemde metode in Nigerië gebruik om die ernstige wanbalans in die guns van die Oostelike offisiere, veral Ibos, te herstel en eersgenoemde metode is gebruik om te verseker dat werwing vir die Gewapende Magte proporsioneel korrek bly tot die bevolking van die verskillende streke waaruit die land bestaan het.[45]

Hoewel die toepassing van etniese kwotas handig mag wees as 'n tydelike maatreël om ernstige wanbalanse wat ontstaan het te herstel, het hierdie metode van optrede ernstige nadele, tensy dit baie versigtig hanteer word. In die algemeen, sal die gebruik van etniese kriteria as 'n basis vir die organisering van 'n militêre mag, etniese bewussyn bevorder binne daardie Mag en dit mag 'n deurslaggewende faktor wees. Aangesien 'n sisteem van kwotas vir toewysings aan eenhede verder slegs gevolg kan word waar 'n beleid van geïntegreerde eenhede gevolg word, negeer so 'n sisteem een van die hoofvoordele van 'n geïntegreerde beleid, nl die vryheid om personeel te plaas waar hulle die dringendste benodig word en tot die beste voordeel aangewend kan word. 'n Kwota sisteem vir die toekenning van rang, kan net so gevaarlik wees. Waar hierdie sisteem toegepas is in Nigerië, kan dit meen dat 'n Ibo afgekeur is vir kommissie ten gunste van 'n lid van 'n ander stam, hoewel die Ibo as meer geskik beskou is,

eenvoudig omdat die kwota vir Ibos reeds gevul is.[46] Gevolglik, in 'n poging om diskriminasie teen te werk, kan kwotas in bepaalde omstandighede die instrument word vir omgekeerde diskriminasie.

Sodra militêre owerhede kennis geneem het daarvan dat minderwaardige prestasie in 'n militêre verband deur lede van 'n spesifieke groep, die gevolg mag wees van ongelyke geleenthede in die gemeenskap daarbuite, kan hulle selfs *opvoedkundige maatreëls instel*, in 'n poging om die onbillikhede wat na die militêre omgewing deurwerk van buite, te remedieer. Hierdie proses is seker die verste ontwikkel in Israel, waar die opvoedkundige peil van die Jode wat vanaf Oosterse lande geïmmigreer het, gemiddeld aansienlik laer is as dié van gebore Israelis en immigrante vanaf die Weste. Lede van die Israeli Weermag wat nie hulle primêre onderwys voltooi het nie, is verplig om die laaste drie maande van hulle drie-jaar periode, intensiewe kursusse te deurloop, wat deur die militêre owerhede ontwerp is om hulle basiese onderwys te voltooi.[47] Hierdie kursusse voorsien hulle van 'n nasionaal-erkende opvoedkundige kwalifikasie en vergemaklik die verkryging van werk na afloop van hulle militêre diens.

## Slot

Om op te som: daar is aangetoon dat, in veelvolkige militêre magte, probleme waarskynlik verband sal hou met vraagstukke soos taal, houdings en waardes, die inter-etniese menseverhoudinge en diskriminasie. Dit het ook duidelik geword dat daar geen standaard oplossings is vir hierdie probleme nie, maar dat enige oplossing gebaseer moet wees op 'n grondige kennis van etniese verskille en gewoonlik opvoedkundige programme moet insluit, om 'n begrip van hierdie verskille te bevorder.

Ten slotte, moet een van die onderliggende temas van hierdie artikel beklemtoon word — die intieme verbondenheid tussen die *etniese situasie in 'n gemeenskap en dié in die gewapende magte wat dit bedien*. Uit hierdie verhouding spruit 'n aantal gevolge.

Eerstens beteken dit dat militêre owerhede tot 'n sekere mate aangewys is op die *genade van die regering* van die betrokke gemeenskap, wanneer dit kom by die opbou van goeie verhoudinge tussen verskillende etniese groepe binne die gewapende magte. Stappe in die rigting van verbeterde verhoudinge binne militêre verband sal moontlik oneffektief wees indien die optrede van die regering van die land, goeie verhoudinge in die gemeenskap daarbuite dwarsboom.

Miners sê: *'the logic of sectional domination requires a sectional army.*'[48] As 'n leër dan veelvolkig is, dan is dit onwys om dit te gebruik om beleid toe te pas wat oënskynlik daarop gemik is om een stam of seksie te bevoordeel. Die hoof rede hiervoor is die risiko van muitery.

Laastens, die nou militêr-gemeenskaplike verhouding moet ook 'n invloed hê op die formulering van beleid deur die militêre owerhede self. Die etniese samestelling in enige gemeenskap is uniek en die probleme wat die militêre owerhede in die gesig staar in daardie gemeenskap hou direk verband met hierdie unieke etniese gesteldheid. Gevolglik sal die beleid wat militêre owerhede suksesvol toegepas het in een land om hulle eie etniese omstandighede te hanteer — nie oorgedra kan word *en bloc* na 'n ander land nie. Nietemin kan ondervinding wat elders opgedoen is 'n aanduiding gee van waarskynlike probleem areas en beleid toegepas in ander lande, bied alternatiewe wat oorweeg kan word in terme van hulle toepaslikheid op die betrokke land.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 10, Nr 1, 1980. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

**Voetnote**

1. Hugo, P. and A. du Pisani: Ethnicity and the problem of national integration in Africa (*South African Journal of African Affairs*, No 1, 1978, p 53).
2. Cohen, P.: *Urban Ethnicity*. London 1976. p i.
3. Glazer, N.: Ethnicity: A World Phenomenon (*South Africa International*, Apr 1977, p 198).
4. *Ibid*, p 200.
5. Donnelly, C.: Military/Political Infrastructure (*The Soviet War Machine*, London 1976, p. 36).
6. Meyer, H. E.: The Coming Soviet Ethnic Crisis (*Fortune*, 1978, p 158).
7. Donnelly, C.: The Soviet Soldier (*British Army Review*, Apr 77, p 32).
8. Gutteridge, W.: *Military Institution and Power in the New States*. London 1964, pp 47 — 48.
9. Luttwak, E. and D. Horowitz: *The Israeli Army*. London 1975, p 443.
10. Raymond, E.: *The Soviet State*. New York 1968, p 254.
11. Evans-Pritchard, E. E.: *Social Anthropology*. 1972, p 3.
12. Miners, N. J.: *The Nigerian Army* 1956-66. London 1971, p 45.
13. Mazrui, A. A.: *Soldiers and Kinsmen in Uganda. The Making of a Military Ethnocracy*. London 1975, pp 39-40.
14. Ibid, p 41.
15. Osur, A. M.: *Blacks in the Army Air Forces during World War I*. Washington D.C. 1975, p 93.
16. Gropman, A. L.: *The Air Force Integrates*. Washington D.C., 1978, p 145.
17. Gutteridge, W.: *op. cit.*, pp 71-83.
18. Cohen, S. P.: *The Indian Army*. Berkeley, 1971, p 188.
19. Ibid, p 145.
20. Gropman, A. L.: *op.cit.*, p 48.
21. Ibid, p 50.
22. Ibid, p 12.
23. Oshur, A. M.: *op.cit.*, p 89.
24. Raymond, E.: *op.cit.*, p 252.
25. Donnelly, C.: Military/Political Infrastructure (*The Soviet War Machine*, London 1976, p 36).
26. Gutteridge, W.: *op.cit.*, pp 73-74.
27. Westmoreland, Gen W. C.: *Report of the Chief of Staff of the United States Army 1 July 1968 to 30 June 1972*. Washington 1977, p 62.
28. O'Ballance, E.: *The Story of the French Foreign Legion*, London 1961, pp 233-4.
29. Gropman, A. L.: *op.cit.*, p 140.
30. Gutteridge, W.: *op.cit.*, pp 52, 74.
31. Gropman, A. L.: *op.cit.*, pp 158, 215-6.
32. Miners, N. J.: *op.cit.*, p 217.
33. Gutteridge, W.: *op.cit.*, p. 47.
34. Gropman, A. L.: *op.cit.*, p 50.
35. Cohen, S. P.: *op.cit.*, p 189.
36. Gropman, A. L.: *op.cit.*, pp 216-217.
37. Shaw, H. I. and R. W. Donnelly: *Blacks in the Marine Corps*. Washington, 1975, p 76.
38. Ibid, p 77.
39. Gropman, A. L.: *op.cit.*, p 211.
40. Osur, A. M.: *op.cit.*, p 19.
41. Gropman, A. L.: *op.cit.*, pp 215-216.
42. Ibid, p 102.
43. Miners, N. J.: *op.cit.*, pp 52-53.
44. Shaw, H. I. and R. W. Donnelly: *op.cit.*, p 75.
45. Miners, N. J.: *op.cit.*, pp 97-98, 115-116.
46. Ibid, p 116.
47. Luttwak, E. and D. Horowitz: *op.cit.*, p. 443.
48. Miners, N. J.: *op.cit.*, p 224.